Die Gemeenteraad van Suider-Paarl Gemeente se standpunt oor selfdegeslagverhoudings

In Suider-Paarl Gemeente glo ons slegs God het die reg om enige persoon te oordeel. Daardie reg kom nie een van ons, en ook nie ons gemeente of ons kerk toe nie. ’n Veroordelende kerk openbaar nie Jesus se verwelkomende liefde nie, maar bring verdeeldheid, stoot mense weg en kan sommige selfs die geleentheid tot redding ontneem.

Vir elkeen van ons is die Bybel, in konteks gelees, en met persoonlike inspraak deur die Heilige Gees, die waarheid.

Met die lig wat ons op die oomblik het, glo ons, ons leiers en praktyke moet nie in die pad staan van lidmate en mense wat na verlossing soek nie. Paulus was Joods vir die Jode én het in liefde heidense gebruike aanvaar om ook hulle vir Jesus te wen. Vir ons leiers om toeganklik te wees vir alle mense, kies ons gemeente dus om nie mense in selfdegeslagverhoudings as predikante aan te stel nie.

Ons verstaan die Bybelse huwelik as 'n verbintenis tussen een man en een vrou. In Suider-Paarl vind 'n huweliksbevestiging daarom tussen een man en een vrou plaas.

Ons glo elke mens en ook elke lid van ons gemeente is geskep na die beeld van God, maar is ’n sondaar wat net deur die liefde en bloed van Jesus verlos kan word. In liefde verwelkom ons dus almal wat na verlossing soek om in alle opsigte deel te wees van ons gemeente.

Ons glo elkeen, en veral ons geestelike leiers, moet sy of haar geloofsoortuigings in liefde met mekaar deel. So slyp ons mekaar. Ons mag egter nooit mekaar veroordeel nie, want elkeen se verhouding met God is uniek en sondebesef is ’n diep persoonlike saak tussen God en sy kind.

Ons verbind onsself om steeds die Heilige Gees te vra vir wysheid om sy Woord reg te interpreteer en reg te verstaan, sodat ons binne God se wil sal optree rakende alle sake wat oor ons pad mag kom - ter wille van sy eer, ter wille van mekaar en ter wille van ander.

29 November 2015